SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: PETER DECEMBER

Universiteit: NELSON MANDELA UNIVERSITEIT

Meesters: X **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Titel van proefskrif of Verhandeling: 'n Ondersoek na die uitbeelding van Khoisan karakters deur wit Afrikaanse prosateurs:1994-2014.

Datum van afhandeling: 31 Januarie 2017 **Uitslag:** 58%

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

Afgehandel

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

This dissertation offers a thematic investigation based on a postcolonial approach to the representation of the Khoisan and their descendants, in Afrikaans fiction from 1994 to 2014. The following texts are discussed: Dolf van Niekerk's *Koms van die hyreën* (1994), Willem Kotze's *Tsats van die Kalahari* (1994), *Spoorsnyer* (1994), *Olifantjagters* (1997) and *Gif* (2001) by Piet van Rooyen, Karel Schoeman's *Verkenning* (1996), *Duiwelskloof* (1998) *Bidsprinkaan* (2005) by André P Brink, and Dalene Matthee's *Pieternella van die Kaap* (2000). , Eben Venter's *Santa Gamka* (2009) *and* Willem Anker's *Buys* (2014). Themes central to South African literature will form the focus of the research, namely intercultural interaction between the first inhabitants of South Africa and missionaries, the question of land ownership, the language motif, and the role of religion (indigenous versus western belief systems). Attention will also be on more specific issues such as the exploitation of the Khoisan by colonisers, the characterization of the Khoisan by these white authors, as well as other contemporary debates. The secondary objective of the study is to review the historical presence of the Khoisan and their descendants as reflected through the fictional lense of these authors writing over the last two decades, since democratization of the regime in 1994. The focus here will be on the substantial cultural contribution of the Khoi and the San, as reflected through their representation in fictional works, and the question will be posed whether the portrayal of Khoisan characters in novels after 1994 is different from the portrayals in fiction before 1994? My hypothesis is that in the fictional representation one finds a move towards restoration of their human dignity, yet the fact remains that all the authors are white.

Santa Gamka lewer ‘n belangrike bydrae tot die literêre diskoers rondom postapartheid Suid-Afrika, maar ongelukkig bied dit weinig hoop vir die nuwe Suid-Afrika, weens ‘n te uitsiglose kyk op die moontlikheid van vreedsame saambestaan tussen rasse in die postapartheid Suid-Afrika. Indien Lucky, as simbool van postapartheid, nie die kans gegun word om sy eie redding te bewerkstellig en sy eie plek in die wêreld op sy eie manier te verwerf nie, bied die roman dus weinig hoop op ‘n vreedsame saambestaan in die post-1994 Suid-Afrika. Die roman spel dit duidelik uit dat vryheid nie net in Santa Gamka ‘n illusie is nie, maar oral, en dat vooroordele en wantroue oor landsgrense heen tussen verskillende rasse strek. Dit suggereer ons almal se verpletterde drome; die illusie van ware vryheid en die glo dat dinge beter sal word, as in ag geneem word die sosio-maatskaplike probleme wat net vererger, ten spyte van ‘n nuwe bestel wat sy bestaan op beloftes baseer.

Lucky se droom om homself vanuit sy verlede en ruimte te lig, word nie gerealiseer nie. Dis asof die meeste van die verhale nie suksesvolle eindes aan hul bruin karakters wil bied nie. Wat is die suggestie hierin? Waarom al die negatiewe eindes rondom bruin en Khoi karakters? Ek glo die antwoord lê weer eens op die vlak van die outeurs wat hulself moontlik nie so ver kan kry om te sien dat bruin mense suksesvol kan wees nie. Dis asof die bruin karakter gedoem is. Die wit prosateur is moontlik onbewustelik nog nie gereed om ‘n voorheen onderdanige, verknegte ras tot bevryding te skryf nie. Dis soos ‘n brug wat nog nie oorgesteek kan word nie, en wat veel meer gaan eis aan kreatiewe uitdagings, voordat daar positiewes eindes vir die bruin karakters sal wees.

Die afstammeling van die Khoisan in vandag se gedaante as bruinmense vorm ‘n onherroeplike kerndeel van die eietydse multikulturele en multirassige samelewing. Teenstrydig met die opvatting dat die Khoisan uitgewis is en net in die kollektiewe geheue van die inwoners bestaan, is die Khoi en San nooit uitgewis nie, maar bestaan in die gedaante van bruinmense (wat onder die ou apartheidstelsel, as kleurlinge geïdentifiseer is. So is hul van hul oorspronklike identiteit vervreem.) Interesantheidshalwe moet egter ook genoem word dat daar nog baie soorte bruinmense bestaan, soos dié van Oosterse afkoms, van wie baie se voorsate, as slawe na die Kaap gebring is, soos deur historici opgeteken. Dan is daar ook nog ander wat afstam van swart en wit ouers.

In al die bestudeerde romans word aktuele Suid-Afrikaanse kwessies aangespreek teen die agtergrond van ‘n Khoisan verlede waarmee nog nie versoen is nie. Ten spyte van al die onregte wat hierdie groep mense aangedoen is, word daar steeds (soos in *Duiwelskloof*) geswyg oor hul bestaan en word daar nie erkenning gegee aan hul bydrae tot die geskiedenis van die land nie. Hierdie gemarginaliseerde groep mense veg steeds verbete om basiese regte soos besit van grond, erkenning van hul taal en die verlening van amptelike status aan hul bestaan te gee, die konstitusionele regte en die erkenning en restourasie van hul kultuur, tradisies en erfenis.

Uit die skrywerlike, fiksionele representasie van die Khoi en San in die Suid-Afrikaanse literatuur oor die afgelope twee dekades, blyk daar ‘n Khoisan Renaissance te wees -‘n hernude belangstelling in die eerste inwoners van die land. Die kollektiewe skuld wat die prosateurs moontlik deel, het ‘n terapeutiese waarde en kan lei tot skulderkenning en uiteindelik vergifnis. Dit sou myns insiens versoening teweeg bring oor die verlede se vergrype, oorloë en onregte wat aan die Khoisan gedoen is en ‘n positiewe stap op die regte pad na nasiebou.

Met stemgewing aan die vorige stemloses sal geboorte gegee word aan ‘n leefbare oplossing waarvoor die kreatiewe verbeelding, in die vorm van die bestudeerde romans, deels verantwoordelik was.

Eers dan sal sprake wees van ‘n volledige Suid-Afrikaanse nasie.